

Vrydag 13 Mei

Skrifgedeelte: Sagaria 4:1-14

Fokusgedeelte: Sagaria 4:6

Moenie die werk van God in Christus onderskat nie

Die profeet Sagaria kry agt gesigte om te wys op die volk se toekoms deur die herstel van die tempel, wat God se teenwoordigheid en guns afbeeld. In Sagaria 4 gaan dit oor die vyfde gesig: die goue kandelaar en die twee olyfbome. Hierdie twee beelde of gesigte wil daarop wys dat die tempel van die HERE weer herstel en opgebou sal word (vs 1-5).

En dan word daar 'n baie belangrike saak genoem in verse 6-14, wat daarop wys dat die HERE se reddingsplan deur die opbou van die tempel nie gekeer sou word nie, en dit is: dit is alles die werk van die Gees van God, Hy wat "een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en Seun is ... (wie) ware en ewige God is" (NGB Art. 11) en dus nie die feilbare swak werk van mensekrag en geweld is nie (vs 6). Niks kon standhou voor die HERE se werk deur sy dienskneg Serubbabel nie (vs 7-9), die tempel is herbou, en hierin is Serubbabel tegelykertyd 'n tipe en heenwysing van die HERE se soewereine onweerstaanbare verlossingwerk deur die komende Messias, Jesus Christus, en die Gees van God wat sal sorg, dat Jesus se uitspraak aan die kruis, *Dit is volbring* (Joh. 19:30), in en deur die geskiedenis sal plaasvind.

Nie Satan, sonde of wêreld sal kan keer dat die Here Jesus kom en alles volbring nie, Hy wat die volmaakte tempel is en sal sorg dat al sy kinders gered sal word, tot die laaste dag. Moet daarom ook nie die werk van God in Christus, deur die krag van die Gees in u eie lewe, ons tye en toekoms onderskat nie, moenie die "dag van klein dinge" verag nie, want deur God se Woord en Gees sal Hy sy reddingsplan volkome volbring.

Sing: Psalm 111-1:1, 2, 3

Ds. S le Cornu (Slabbert) (Carletonville)